
OPENBARING

# 5 Weke om Openbaring te ontdek

- Week 1 – Wat Johannes gesien het – Om die Gordyn weg te trek
- Week 2 - Wat besig is om te gebeur – Boodskappe vir sewe gemeentes
- Week 3 - Visie van die Hemel – God regeer en het die boekrol met sewe seels in sy hande
- Week 4 – Verdrukking en die Groot Verdrukking
- Week 5 – Die Wederkoms, Millennium, Wit Troon oordeel, Nuwe Hemel op Aarde en die eerste dag van die res van ‘n nuwe wêreld.



Die **openbaring** van **Jesus Christus** wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te **toon wat gou moet gebeur**, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het, (Open. 1:1 AOV)



# Hoekom moet ons Openbaring lees?



## 1. God belowe seën aan mense wat dit lees!

- “Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.”(Open.1:3 AOV)

- “Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar.”(Open.22:7 AOV)




## **2. Openbaring het ‘n boodskap vir jou!**

- Eerstens: **Wat** aan die einde gaan gebeur,
- Tweedens: **Hoekom** dit gaan gebeur
- Derdens: **Hoe** ons moet optree, leef en glo sodat ons toekoms kan hê.



# 3. Dit is God se belofte om af te reken met boosheid, pyn en lyding

"Toe het ek gesien die hemel is oopgemaak. En kyk! Daar verskyn 'n wit perd. Sy Ruiter word die Getroue en Betroubare genoem. Hy oordeel op 'n regverdige manier en voer ook só oorlog" (Open.19:11, NLV)



Openbaring is gegee sodat ons dit kan verstaan

“Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid” (Deut.29:29 AOV)



- “En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe...” (Dan.12:4).
- Die Engel het aan Johannes gesê: “Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby.” (Open.22:10).

# Waar pas die boek Openbaring in die boodskap van die Bybel?


- Die **Ou Testament**: Kyk Hy kom!
- Die **Evangelies**: Kyk Hy sterf!
- **Handelinge**: Kyk Hy leef!
- **Sendbriewe**: Kyk Hy red!
- **Openbaring**: Kyk Hy regeer!

# Hoe kan ons die boek bewaar?



# Sleutelvers om Openbaring te verstaan

Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is, sowel as die wat gaan gebeur;  (Open. 1:19 AOV)



1.Wat jy gesien het? (Open.1:9-20): Visie van Jesus

2.Wat is? (Open.2-3): Sewe gemeentes


3.Wat gaan gebeur? (Open.4-22): Groot verdrukking, Millennium, Ewigheid



# Hoe moet ons die boek lees?

**Vier basiese interpretasie raamwerke**

- Die **idealistiese** beskouing (allegories) – Openbaring is die simboliese voorstelling van die stryd tussen die bose en die goeie
- **Preteristiese** beskouing (verlede)– Openbaring is vervul in 70 nC
- Die **historistiese** beskouing (simboliese ontvouing)– Simboliese verteenwoordiging van die geskiedenis van die kerk soos in die Westelike Europa
- Die **futuristiese** siening (toekoms)– Gaan  in die toekoms letterlik in vervulling




# Futuristiese/Toekoms gerigte

1. Tydperk van skryf tussen 91-96,

2.Profetiese bevestiging "...wat gou moet gebeur"(Open.1:1) "... woorde van die profesie" (Open.1:3) Profesie X 7 = prophēteia-prediction (1:3; 11:6;  19:10; 22:7, 10,18, 19)

3.Openbaring se aansluiting by Daniel se 70 ste week Dan.9:27

4. Efese eers in 52 nC. Smyrna het nog nie bestaan in 60 nC. nie



## Drie skryfstyke of genre’s in Openbaring

- Die **apokaliptiese** beskrywe God se plan vir die eindtyd.
- As **sendbriewe** word die teks gerig aan sewe gemeentes in Asië.
- As ‘n **profetiese** boek fokus Openbaring in op die toekoms soos die vervulling van die wederkoms.



## ‘n Paar kriptiese opmerkings


- Openbaring (apokalipsis) = beteken om die gordyn oop te trek of **<u>bekend</u>** te maak
- Openbaring gaan oor **<u>Jesus Christus</u>** (Open.1:1)
- Openbaring is vol **<u>simbole</u>** en **<u>tekens</u>** (Open.1:1) waarvan die meeste Joods is.

# Simbole en tekens

- **diereryk**– perde, see, diere, skerpioene, sprinkane, leeu, lam, luiperd, arend, horings, draak ens
- **botaniese wêreld** - bome, gras, aarde, lug, wolke, son, maan, sterre, reënboog en see
- **Mensdom** – prostituut, profeet, getuienisse, martelare, stamme, priesters, konings
- **Wapens** – pyl en boë, trompette, skerpioene (Helikopters), swaard
- **Geografies** – Babilon, Jerusalem, Armageddon, Egipte, Sodom
- **Syfers** – 7, 666, 42 maande, 1260 dae, 144 000, 24, 12, 1000
- **Musiekintrumente** – Trompette, harpe
- **Kleure** – Rooi, swart, vaal

# Simbole is die voertuig van Goddelike openbaring.


The Revelation of Jesus Christ, which God gave unto him, to shew unto his servants things which must shortly come to pass; and <u>**he sent and signified it**</u> by his angel unto his servant John:(Rev 1:1 KJV)



# Verdeling van tyd in die boek van Openbaring:

1. Tyd van die **Kerk** (2-3)
2. Tyd van **Verdrukking** (4-18)
3. Tyd van die **Millennium** (19-20)
4. Tyd in die **Ewigheid** (21-22)





Skepping
Wegraping
Wederkoms | Armageddon
Nuwe Hemel | Nuwe Aarde
OT
Kerkera
Groot verdrukking
Millenium
Wittroon oordeel
Ewigheid
Gen-Mal
Mat-Joh
Hand-Open. 3
Open. 4-18 (Dan. 9:27)
Open. 19
Open. 20
OPENBARING

# Die belangrikheid van die nommer 7 in Openbaring

En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.(Gen. 2:3 AOV)

Die nommer 7 meer as 700 keer in die Bybel

Die nommer 7 meer as 50 keer in Openbaring



1. Sewe kerke (1:4, 11, 20).
2. Sewe Geeste (1:4, 3:1, 4:5, 5:6).
3. Sewe goue lampstaanders (1:12-13, 20, 2:1).
4. Sewe sterre (1:16, 20, 2:1, 3:1).
5. Sewe lampe (4:5).
6. Sewe seëls (5:1, 5:5).
7. Sewe horings  (5:6).
8. Sewe oë (5:6).
9. Sewe engele (8:2, 6).
10. Sewe trompette (8:2, 6).
11. Sewe donderslae (10:3, 4).

12. Sewe duisend (11:13).
13. Sewe koppe (12:3, 13:1, 17:3, 7, 9).
14. Sewe krone (12:3).
15. Sewe engele (15:1, 6-8, 16:1, 17:1, 21:9).
16. Sewe plae (15:1, 6, 8, 21:9).
17. Sewe bakke (15:7, 17:1, 21:9).
18. Sewe berge (17:9).
19. Sewe konings (17:10-11).
20. Sewe seëninge 1:3, 14:13, 16:15, 19:9, 20:6, 22:7, 22:14).
21. Sewe jaar van oordeel Dan. 9:24-27
22. Sewe eienskappe van die Lam (5:12).
23. Sewe nuwe dinge in die ewigheid (21-22)

# Inleiding hoofstuk 1– Om die Gordyn oop te trek 1:1-20

1.**<u>Waaroor</u>** gaan Openbaring

**<u>2.Wie</u>** is God en Jesus

3.Hoe **<u>lyk</u>** Jesus

4.Wat is Jesus se **<u>boodskap</u>**



'“Ek is die Alfa en die Omega,” sê die Here God, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.” Open.1:8



# 3. Drie sleutelaspekte van Jesus



# 1. Hy is die Alfa en die Omega

"Alles is deur Hom en tot Hom geskape … en in Hom hou alles stand."

Kolossense 1:16-17:



# 2. Hy is die Een wat is, wat was en wat kom

“Jesus Christus is dieselfde gister en vandag en tot in ewigheid.” Hebreërs 13:8

## 3. Hy is die Almagtige — die Pantokrator

"Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde." *Matteus 28:18*:



# Wie is God die een wat in beheer is van tyd (die een wat is, wat was en wat kom) 1:4-8

Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen. Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige. (Open.1:4-8 AOV)

# Wie is Jesus

1. Funksioneer in die **<u>volheid</u>** van die Heilige Gees
2. Die **<u>getroue</u>** getuie
3. Die **<u>eersgeborene</u>** uit die dode
4. Die grootste **<u>gesag</u>** op aarde
5. Hy het ons lief bo alles sodat Hy ons was in sy eie **<u>bloed</u>**
6. Hy kom verseker **<u>weer</u>** terug
7. Hy is die **<u>begin</u>** en die **<u>einde die Almagtige</u>**



Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met ‘n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met ‘n goue gordel.

(Open.1:12-13 AOV)

**Kleed = grootheid - koning**

**Goue gordel = Hoë priester**



# Hoe lyk Jesus 1:9-16, sewevoudige heerlikheid van sy persoon as die Seun van die mens:

Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met ‘n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met ‘n goue gordel. Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos ‘n vuurvlam, en sy voete soos blink koper wat gloei soos in ‘n oond, en sy stem soos die stem van baie waters. En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en ‘n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag. (Open.1:12-16 AOV)

1. Sy **hoof** en **hare** was wit soos wit wol, soos sneeu: (Daniel 7:9) - wit verteenwoordig heiligheid of reinheid en verwys na die onkreukbaarheid van sy karakter, maar ook dat Jesus God is en oor wysheid en ervaring beskik.
2. Sy **oë** soos 'n vuurvlam – soekend alwetend (Heb. 4:13)
3. Sy **stem** soos die stem van baie waters (Jer. 25:30, 31) Daar kom 'n dag waarin Jesus, die een wat die Woord van God is, wat sy stem deur die skepping laat weerklink het, weer sal spreek en dit sal wees soos 'n magtige stroom water wat oor die waterval val en aanhoudend donderend weergalm.
4. Sy **voete** soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, oordeel (Ex. 38:30, Open.19:15)
5. Sy **regterhand** het Hy sewe sterre gehou (vers 20) krag en outoriteit - leraars
6. Sy **mond** - en 'n skerp tweesnydende swaard het, oordeel en geregtigheid uit sy mond uitgegaan (Heb.4: 12)

7. Sy **aangesig** was soos die son wat skyn in sy krag. (Jes.60: 1), voeding en lewe



# Wat is Jesus se boodskap  1:17-20

En toe ek Hom sien, val ek soos ‘n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood. Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is, sowel as die wat gaan gebeur; die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes. (Open.1:17-20 AOV)



# ...en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê

- Moenie vrees nie – Christus het die toekoms in sy hand
- Ek is die eerste en die laaste en die lewende – Christus oortref tyd
- Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. - Christus het die dood oorwin
- Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood – Christus het mag oor die dood

